

**Ek het nog
altyd daarvan
gehou om in
die kombuis
'te speel'. Ek
geniet die geure,
smake, teksture**

CHANTEL DARTNALL
bekroonde sjef



FOTO PHYLLIS GREEN STILERING FANIE CRONJÉ
HARE & GRIMERING MARILYN DU PREEZ

Baadjie Studio 8 Hyde Park Romp Wolford Hyde Park



CHERISE STANDER

“Met elke fietswedren en oefensessie dra ek Burry in my hart,” sê Cherise Stander, professionele fietsryer. Cherise en Burry, ’n Olimpiese bergfietsryer en internasionale kampioen, was net enkele maande getroud toe hy in Januarie 2013 tydens ’n fietsry-oefening doodgery is.

“Dit klink dalk soos ’n cliché, maar jy weet nooit hoe sterk jy is totdat jy tot die uiterste getoets is – en dit oorleef nie. Alles gebeur om ’n rede.”

Cherise is trots daarop dat sy nog elke dag kan glimlag en getrou bly aan haarself en dit waarin sy glo. “Ek is uitgesproke en dit maak die wêreld warm vir my, maar ten minste kan ek saans gaan slaap met die wete dat ek ’n eerlike lewe lei.”

Sy glo nie sy sal ooit oor Burry se dood kom nie. “Ek dink jy leer net om saam met die verlies te leef – dit gaan nooit weg nie. Ek het ná sy dood in ’n gat van depressie verval, te veel gedrink en dit kon my nie traak wat om my gebeur nie. Gelukkig was daar wonderlike mense wat vir my omgee het en ek het onthou dat Burry enigiets sou doen om my te sien glimlag. Ek was dit aan hom verskuldig om weer te glimlag. My godsdiens het my ook gehelp – maar ek vra soms steeds vir God hoekom Burry so jonk moes gaan.”

Sy is dankbaar dat sy kan voortbou op die Songo.info-organisasie, Burry se gunsteling-liefdadigheid, waar kinders in Kayamandi buite Stellenbosch gehelp word om fietse te kry en aan wedrenne deel te neem.

In 2012 was sy trots op haar deel-

Ek kry inspirasie by elke mens. Elke vrou het ’n storie om te vertel ... en daaruit put ek krag

Cherise Stander

name aan die Franse fietswedren vir vroue, La Route de France, en ook die Cape Argus, waar sy die louere vir vroue weggedra het. Die Argus, nou die Kaapstad-wedren, was veral spesiaal vir hulle omdat Burry haar so in die padfietswedren ondersteun het. Verlede jaar het sy weer gewen. “’n Hoogtepunt!” En vanjaar het sy al onder meer die Sani2C-bergsfietsuitdaging gewen en sy hoop om met ander wedrenne, ook in Europa, te kwalifiseer vir die Olimpiese Spele in Rio in 2016.

Vra jy haar of sy ’n rolmodel het, antwoord sy: “Ek kry inspirasie by elke mens. Elke vrou het ’n storie om te vertel en moes een of ander emosionele swaarkry oorwin. As ek luister hoe hulle dit gedoen het, put ek krag daaruit.”



CHANTEL DARTNALL

Chantel, bekroonde hoofsjef van die restaurant Mosaic by die Orient Private Hotel naby Hartbeespoortdam, is die liefing van die *foodie*-wêreld. Sy is tans Eat Out S. Pellegrino-sjef van die jaar, ’n toekening wat sy ook in 2009 ontvang het. Mosaic is boonop een van die prestigeryke *Eat Out*-gids se top-5 plaaslike restaurante.

Dié sjef met haar filmster-voorkoms kombineer haar klassieke Franse opleiding met haar liefde vir die natuur in wat sy “botaniese kookkuns” noem.

Laasgenoemde is geïnspireer deur die ligging van die hotel/restaurant, geleë in die Francolin-bewaringsgebied met sy ryk plant-, wild- en voëllewe.

Chantel wil graag mense in kontak met die natuur bring deur die bestanddele wat sy kies en die manier hoe sy haar geregte skep. Sy is passievol oor die gebruik van organiese en seisoenale produkte. En span kruiden en eetbare blomme in vir hul smaak, skoonheid en ook medisinale waarde.

“Ek het nog altyd daarvan gehou om in die kombuis ‘te speel’. Ek geniet die geure, smake, teksture; om al my sintuie in te span om met nuwe idees vorendag te kom. Al kom jy weer en weer, moet dit elke keer ’n verrassing wees,” sê sy.

Die hotel/restaurant is ’n gesinspoging – sonder dat een van hulle vooraf ’n skeutjie ervaring daarvan gehad het. Haar ma, Mari Dartnall, is daagliks aan haar sy as hotel/restaurantbestuurder. Haar pa, Cobus du Plessis, ’n argitek, het die hotel/restaurant ontwerp en is keldermeester. Hy geniet dit om agter die skerms sy ding te doen.

“Ons het nege jaar gelede die deure oopgemaak en was in ’n relatief kort tyd suksesvol. Daarop is ek baie trots.”

Die bemagtiging van die plaaslike gemeenskap is vir hulle veral belangrik. Mense sonder enige formele opleiding en hotel/restaurant-ervaring word in diens geneem en touwys gemaak. En kan daarna dikwels in die beste plekke in die land werk. ■

FOTO'S VAN CATHERINE CONSTANTINIDES, ILZE SAUNDERS, JO DA SILVA, DR. MARISSA VENTER & CAROL TSHABALALA GENEEM BY HELENE RAUTENBACH MATTE 082 651 6620

FOTO VAN CHANTEL DARTNALL GENEEM BY MOSAIC AT THE ORIENT, www.restaurantmosaic.com, 012 371 2905